DEEL 114 | WEEK 5 | 4 FEBRUARIE 2022 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# GRAAN SA BAKLEI VIR JOU

"Produsente is positief ten spyte van waterskade, veral in die westelike dele van die Vrystaat", sê dr. Pieter Taljaard, hoofuitvoerende beampte van Graan SA. Graanboere weet nie altyd hoe hard word vir die graanboer se belange deur Graan SA baklei nie. Dinsdag was dit streek 16 se beurt om ingelig te word tydens een van die landswye Streekvergaderings. Daar is terugvoer gegee oor die vordering van 'n verbeterde en meer regverdige mieliegradering stelsel. Graan SA vergader ook jaarliks met verskaffers en is bekommerd oor die geweldige prysstyging van insette. Die alternatiewe vervoer differensiaal is ook bespreek tydens diè inligtingsessie. Wessel Hattingh, streek 16 se verteenwoordiger vir Graan SA, het 'n beroep gedoen vir produsente om betrokke te raak by die organisasie.



*Graan SA se streek 16 vergadering is Dinsdag gehou by die Greenlands Konsentrasiekamp terrein tussen Sasolburg en Koppies. Dit is ook die vergadersaal van Greenlands boerevereniging en word die terrein al vir verskeie jare deur dié boerevereniging in stand gehou. Persone op foto vl: Derek Mathews (Voorsitter Graan SA), Wessel Hattingh (Streek 16 verteenwoordiger), Herman Weiss (Greenlands Boerevereniging voorsitter), dr. Pieter Taljaard (HUB Graan SA) en Corné Louw (Landbou ekonoom Graan SA).*




# MEESTE ONDERSKEIDINGS VIR KLEINSKOLE

Hoërskool Wilgerivier spog met die nommer een posisie in die Top 20 – klein Afrikaanse skole vir die meeste onderskeidings tydens die 2021 NSS – eksamen. Die skole moet minder as 50 leerders in matriek hê. Die klas spog met 1.5 onderskeidings per leerling uit 'n groep van 38 leerlinge. Solidariteit se skole Ondersteuningsentrum reik jaarlikse 'n omvattende verslag uit na afloop van die matriekuitslae. Vrystaat kleinskole het uitgestaan en behaal vier skole die prestasie om onder die top 20 kleinskole in die land te wees. Wilgerivier was verlede jaar negende gewees. Op die foto bo is Wilgerivier se hoof mnr. Hennie Pelster (middel voor) saam met sy trotse personeel.












# Nuwe jaar, nuwe ekspo en tema

Dis van vandag af weer tyd vir die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) se jaarlikse Internasionale Afrikaans-Ekspo wat vir die negende jaar aangebied word. Vanjaar se tema is skepe.

Skepe word van die vroegste tye af gebruik om goedere en mense van een punt na 'n ander te vervoer.

In 1652 het Jan van Riebeeck met vyf skepe in die Kaap aangekom. Vandag, presies 370 jaar later, wil ons hê julle moet jul kreatiwiteit inspan om vrye teuels aan dié tema te gee. Die tema sluit alles verwant aan skepe, van die vaartuig self, tot die seile, kraaines en anker, in.

Buiten vir dié vaartuig self, is die moontlikhede eindeloos om "lewe" aan hierdie tema te gee. Daar is tien kategorieë waarin jy dit kan doen ook. Jy kan jou verfkwaste of potlode inspan om op 'n doek jou idee vas te vang of skuif agter jou kamera in en neem jou beste kiekie of pen of tik 'n storie oor skepe.

Dink maar net aan Jo Black se liedjie, "Skepe", om uiting aan jou gedagtes te gee om skepe as tema uit te beeld.

*"'n Skip word in 'n hawe gebou.*
*'n Skip lyk in 'n hawe baie mooi vir my en jou,*
*Maar dis nie waarvoor skepe gemaak word nie*
*Die storms en die winde sal waai*
*Hys jou seile hoog, want een of ander tyd moet die tyding draai.*
*Laat die kompas van jou siel weer jou hart bepaal.*
*Kry jou maste reg, haal die anker uit,*
*In die rigting van die suiderkruis."*

Dan is daar is ook Afrikaanse uitdrukkings soos: "Moenie jou skepe agter jou verbrand nie" (Moenie 'n onherroeplike stap doen nie. In die verhaal het die vroue van Troje hul skepe verbrand toe hulle op Sicilië geland het) en "daar kom altyd beter skepe in, as wat daar uitgaan" (Vorentoe wag dalk meer kanse as in die verlede) wat as verdere inspirasie kan dien.

Verwante woorde soos skeepvaart, handelsvloot, skeepvaartbedryf, seehandel, seevervoer en bote kan ook wind in jou kreatiewe seile blaas.

Buiten vir die splinternuwe tema, is daar in 2022 ook twee nuwe windmakerige kategorieë, naamlik lirieke en grafiese ontwerp, waarin jy dié tema kan uitleef.

**Die ander kategorieë is:**
dagboekinskrywings, resensies, opstelle, kortverhale, poësie, voordrag, fotografie en kuns, wat skilder- en tekenkuns insluit.

Enige persoon ter wêreld van graad R tot en met die ouderdom van 25 wat Afrikaans praat of 'n liefde vir dié taal koester, kan deelneem. Dit sluit alle moedertaal en nie-moedertaalsprekers in.

Gr. R tot 3 kan vir voordrag en kuns inskryf. Gr. 4 tot 5 kan aan fotografie, poësie, voordrag, lirieke en kuns deelneem. Vanaf gr. 6 tot die ope afdeling (tot 25 jaar oud) kan in al tien kategorieë deelneem wat in die handleiding gevind kan word. Jy kan ook vir 2-3 inskrywings by een kategorie inskryf of vir almal.

Wat vanjaar ook anders maak, is dat die publiek uiteindelik vir die algehele wenners sal kan stem.

Maak dus seker dat jy die tema perfek versinnebeeld of op 'n skilderdoek vasvang.

Alle inskrywings, behalwe die kunswerke, moet aanlyn ingeskryf word by projekte.co.za. Alle kunswerke moet per hand by die FAK-kantoor by die Voortrekkermonument in Pretoria ingedien word.

Die aanlyn inskrywings se sluitingsdatum is 29 Julie 2022.

Die skool met die meeste inskrywings staan die kans om R10 000 te wen. Algehele wenners van gr. R tot 3, asook van gr. 4 tot 7 wen R1 000. Diegene van gr. 8 tot 9 en 10 tot 12 sal R1 500 wen as hulle die tema die beste beskryf, geteken, geskilder, die beste foto geneem of die beste voordrag gelewer het. In die ope afdeling kan deelnemers R2000 wen.

Esté Cilliers, projekbeamtpe van skoolprojekte by die FAK, sê: "Ons is opgewonde oor dié jaar se Internasionale Afrikaans-Ekspo! Met die tema van skepe lê die wêreld voor jou oop! Laat jou kreatiwiteit op vaart gaan. Dis gratis en jy kan wen! So, hoekom nie deelneem nie?"

# ROLBAL WARMER AS DIE SOMERDAE

Donderdagaand was daar 'n gedreun by die rolbalklub toe al die boere van die verskillende boereverenigings opdaag en nee, hulle het nie met trekkers en stropers daar aangekom nie. Die boere het kom balle rol en ontspan na al die ploeg en plant wat gedoen is.

Met Donderdagaand agter die rug moes die rolballede Vrydag weer alles in gereedheid kry vir Valsrivier dames en mans viere-kompetisie wat Saterdag en Sondag hier aangebied is.

Die 12 spanne wat hier teen mekaar meegeding het, het uitstekende rolbal gespeel. Dis asof die inperking van verlede jaar mense "honger" gemaak het om net weer behoorlik teen mekaar te kompeteer.

Spelers van Kroonstad, Heilbron, Koppies en Vredefort het mekaar behoorlik opgedreun. Die feit dat hier 7 beginners aan die kompetisie deelgeneem het, van wie 3 Heilbron-lede is, is verblydend.

Heilbron spelers het behoorlik amok gemaak met Hannalie Claassen en haar span wat skoonskip gemaak het met 'n uitstekende eerste plek. Annelie Boucher en Jeannette Keyter se spanne van Kroonstad, was onderskeidelik tweede en derde. Magda Bierman en haar span het nie teruggestaan vir die jonges nie en eindig vierde. Dit bring mee dat beide hierdie twee Heilbron-spanne deurgaan na NVS uitspeelwedstryde op 19 Februarie.

Met die manspanne wat self ook lus was vir rolbal, en dalk bietjie jaloers was op die dames se goeie spel, het Brandt van Rensburg en sy span Saterdag al drie hul wedstryde gewen. Hulle moes ongelukkig Sondag die onderspit delf teen Hannes Horn se span van Kroonstad en eindig hulle in die tweede plek.

Heilbron se mans met hul beginners rol hul moue op en JC Pretorius se span met sy skoonseun Edward en kleinseun Christiaan Muller en TL de Waal, was die laaste kop gelykop met die gevolg dat 'n ekstra kop gespeel moes word. Soos hulle sê, die wedstryd is nie gewen voor die laaste bal gerol is nie, en Heilbron speel daardie laaste wenbal om derde te eindig, met Marius van Schalkwyk en sy span in die vierde plek.

Heilbron kan dus breëbors rondloop met 4 van sy 5 spanne wat na NVS uitspeelwedstryde deurgaan.


*Op die foto: Henriehett de Waal, Amelia Galatis, Hannalie Claassen en Lina Nel.*


Op die foto agter: Leon Nortjé, Derrick de Goveia, Jan Odendaal en voor Hannes Horn.

# SO STAAN COVID NOU




Die jongste inligting deurgegee van Fezile Dabi Distrik-gesondheidsdienste dateer tot op 3 Februarie 2022 en dui aan Ngwathe het 6229 bevestigde Covid-19 gevalle waarvan Heilbron nou op 1449 staan en is daar 9 positiewe gevalle bygevoeg vir die dorp sedert 26 Januarie 2022. Verder staan omliggende dorpe se getalle as volg: Frankfort – 1789, Kroonstad – 7405, Sasolburg – 9824. In die laaste week is daar 190 Covid-19 gevalle in die hele Fezile Dabi Distrik bygevoeg.

Almal bo die ouderdom van 12 jaar kan die Covid-19-inenting kry. "Booster Shots" is ook nou beskikbaar vir diegene bo die ouderdom van 18 jaar.

J&J word toegedien +60 dae na die eerste dosis en Pfizer +180 dae na die tweede dosis.

Vir mense van Heilbron is die Tokollo-hospitaal gedurende die week oop van 08:00-16:00.

Die digitale inenting-sertifikaat vir Covid-19 kan slegs verkry word deur diegene wat volledig ingeënt is. Gaan na https://vaccine.certificate.health.gov.za/ om vandag joune af te laai.

# HEILBRON SONDER KRAG EN WATER



'n Boodskap het laasweek vinnig die rondte gedoen nadat die munisipaliteit gewaarsku het dat die watertoevoer na die hele dorp binnekort afgesit sal word om die lekkasie op die Heilbron-Frankfort pad reg te maak. Die spesifieke lekkasie veroorsaak 'n watertekort in Phiritona. Die tekort het daarna gekom en gegaan, maar is Heilbron Woensdagaand sonder water gelaat nadat die kontrakteurs glo steeds besig is met die herstel op die Frankfort-pad en daar nou ook 'n lekkasie by die pompe opgeduik het. Inwoners is moedeloos nadat Eskom dan ook Woensdag fase 2 beurtkrag aangekondig het wat sal voortduur tot en met Maandag om 05:00. Hierdie beurtkrag is nodig weens 'n tekort aan opwekkingskapasiteit na onklaarraking van nog twee opwekkingseenhede gedurende die nag. Sedert die naweek het Eskom aansienlike hoeveelheid noodreserwes benut, wat nou uitgeput is en aangevul moet word.



# 80 RECEIVE TITLE DEEDS IN HEILBRON

On Wednesday, 2 February 2022, the Executive Mayor of Ngwathe Local Municipality, Cllr Victoria De Beer, was flanked by Phiritona Ward Councillors and MMCs as she issued title deeds to Eighty (80) rightful and deserving Phiritona household owners at Sandersville Community Hall in partnership with Khaya Lam and Free Market Foundation. The CEO of the Free Market Foundation said to Heilbron Herald that it took them three years after starting in 2013 to give out 100 title deeds, but up till date gave out approximately 7500 title deeds and currently has the funding for another 20 000. They want to motivate 80 people to go in and fill out the form to apply for a title deed; with property ownership comes dignity, security and investment to improve and maintain one's property. But currently, most are registered in the name of municipalities. The families living in them are simply tenants On the photo: Ms Sophie Molaba, 83 years old, Cllr Victoria de Beer and Albi Heiger from FMF.




# SKERP DRAAI OP R57

Gister het pampoene en petrol die pad vol gelê nadat 'n vragmotor te vinnig die dorp binne gery het. Die draai net buite Heilbron op die R57 pad na en van Petrus Steyn, is baie skerp en bekend daarvoor om die oorsaak te wees dat bestuurders hul voertuie daar omgooi. Die pad het nie genoeg waarskuwing vir die skerp draai tot en met jy meters daarvan is nie en het 'n vragmotor gisteraand op sy sy beland op pad mark toe. Marí Rabie wat nagskof werk by Huis Bron van Heil, vertel sy het die slag om 00:30 gehoor. 'n Herwinningstrok het ongeveer 09:30 opgedaag om die vragmotor weer op te trek en die vrag skorsies te red. Niemand is tydens die ongeluk beseer nie.


Busia Super White Maize Meal

## VAKANTE BETREKKING

**Administratiewe klerk benodig**

Vereistes
- Uitmuntende rekenaarvaardighede en die vermoë om op 'n hoë vlak met MS Excel te kan werk.
- Ondervinding met SAGE Pastel rekeningkundige sagteware.

**Pligte en verantwoordelikhede**
- Effektiewe hantering van alle inkomende oproepe.
- Oplossing van enige skakelbord-probleme.
- Opstel van verslae en korrespondensie.
- Liassering van dokumente.
- Opvang van produksiedata en opstel van voorraad-verslae, op 'n daaglikse en maandelikse basis.
- Oplossing van alle verskille in voorraad op 'n daaglikse basis.
- Interne oorplasingsjoernale moet tydsaam en akkuraat gedoen word.
- Interne kwitansies tussen maatskappye moet tydsaam en akkuraat gedoen word.
- Debiteure en krediteure probleemoplossing.
- Opvolging van verskaffersprobleme.
- Opsomming van werkers se aftrekkings op 'n maandelikse basis.
- Uitreik van kwitansies na kliënte.
- Verskaffer-kwitansies vaslê en balansering van state.
- Logistieke databeheer en -bestuur.

**Vaardighede benodig**
- Goeie besluitnemingsvermoë
- Vermoë om onafhanklik in 'n span te kan werk en verantwoordelikheid te aanvaar.
- Vermoë om onder druk te kan werk.
- 'n Absolute dryf om waarde tot die maatskappy te voeg.
- Sterk analistiese, numeriese en interpersoonlike vaardighede.
- Goeie kommunikasievermoë.
- Vermoë om deeglik te beplan.

**Hullstraat, Heilbron, 9650 • Tel: 058 853 0030**
**wijali.meule@gmail.com**
**SLUITINGSDATUM: 14 FEBRUARIE 2022**

# KENNISGEWINGS

## PUBLIC NOTICE

Application for an Environmental Authorization for the proposed activities

**Notice is given for the following application:**


**1**) Environmental authorization application for prospecting.

- **Proponent:** The applicant is WLB Mining (Pty) Ltd
- **Ref. no:** FS30/5/1/1/2/10634PR
- **Property description:** The proposed prospecting area is over the farms Moscow West 1110, Moscow 274 and Railway Camp 1128, situated in the district of Heilbron. The total extent of the prospecting area is 408.822 hectares. (21 SG digital codes: F01600000000111000000, F01600000000027400000 and F01600000000112800000).
- **Location:** The property is situated 18.3 km North-West of Heilbron via the R57.
- **Project description:** The purpose of the application is to obtain the required authorisation from the Department to successfully: undertake geological surveys and drilling.
- **Activity applied for:** the following activities as listed in terms of NEMA (Act No. 107 of 1998) as amended and EIA Regulations, 2014 was applied for under Listing Notice 1 – Activity 20 - GNR 327 and Listing Notice 1 – Activity 327 – GNR 327
- **Minerals applied for:** Bentonite (Clay) (CB)
- **Date submitted:** 2 December 2021
- **Stakeholder involvement:** Stakeholders are invited to register as interested and affected parties and to participate in the application process by identifying issues of concern and suggestions for consideration in the Basic Assessment Report (BAR) and may contact Dera Environmental Consultants for any further information. Please submit your written comments by mail, fax or e-mail in this 30 day of this notice to:

**MRS. ESNA ERASMUS OF DERA ENVIRONMENTAL CONSULTANTS**
**PO Box 6499 E-mail: dera.office@dera.co.za**
**Flamwood Tel. 018 468 5355**
**2572 Fax: 018 011 3760**
**Cell: 082 895 3516;**

- **Date of advertisement:** Friday 4 February 2022




# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5**
**Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**

- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Marilize** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
- **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
- **Silma** marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

# SUDUKU

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 8 | | | | | | | | |
| | | 3 | 6 | | | | | |
| | 7 | | | 9 | | 2 | | |
| | 5 | | | | 7 | | | |
| | | | | 4 | 5 | 7 | | |
| | | | 1 | | | | 3 | |
| | | 1 | | | | | 6 | 8 |
| | | 8 | 5 | | | | 1 | |
| | 9 | | | | | 4 | | |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 7 | | | | | | | | 8 |
| | 1 | | 9 | | | | | |
| | | | | | | 5 | | 6 |
| 8 | | 5 | | | | | | |
| | | | 3 | | | | | 1 |
| | | | | | | | 7 | |
| | | | | | 4 | | | |
| | | | | 8 | 5 | | | |
| | 4 | | | 6 | | | 3 | |

SUDUKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.




# Uit die pen:



## WEEK 5 VAN 2022

Een aand laat lui my foon. Dis tannie Ples. Hulle bly op die gronde van 'n landbouskool nie ver van ons dorp nie. Oom Ples en tannie Ples het drie seuns. Dis juis hoekom tannie Ples bel. Al drie seuns is in ons skool en twee tans in my klas. Oulike, gemanierde kinders.

Oom Ples het lank se tyd nie meer werk nie, en tannie Ples werk by die landbouskool. Hulle kon nie die skoolfonds bybring nie, en toe gaan leen tannie Ples geld by 'n loan shark. Die man het haar gebel en gedreig om haar dood te maak as sy nie die geld dadelik terugbetaal nie. Kan ek asseblief vir haar die geld leen om die shark terug te betaal anders gaan sy en oom Ples doodgemaak word.

Ek sleep die rekenaartjie nader en betaal die bedrag in. Sy gaan dit mos teruggee, en ten minste red ek hulle lewens. Dog ek. Later sou ek uitvind dat die drie rakkers kwytgeskeld was van skoolfonds.

So trek oom en tannie Ples na ons dorp toe. Tannie Ples het 'n pos by ons skool gekry, en die tweetjies, saam met die kinders, kan darem in 'n woonstel bly wat aan die skool behoort.

Die skoolhoof kom agter dat tannie Ples se werk nie betyds klaar is nie. Hoekom nie, vra Meneer. Want sy gaan 14:00 huis toe. Hoekom, vra Meneer? Want almal gaan 14:00 huis toe. Sy reaksie? Net. As. Jou. Werk. Klaar. Is.

Ek dink nie sy het weer 14:00 huis toe gegaan nie.

Toe die oudste seun matriek slaag, begin hy werk as 'n lekkergoedverteenwoordiger. Hy bel my een aand om te vertel hoe goed dit met hom gaan: hy kry elke maand 10% verhoging. Teen hierdie pas gaan hy oor 'n jaar tienduisende rande per maand verdien. Ja, ou grootbek, dink ek.

Oom Ples, die dierbaarheid vanself, kry ook werk by die skool. Weliswaar nie 'n vreeslike verantwoordelike werk nie, maar hy kwyt hom goed van sy taak. Hy is regtig behulpsaam en vriendelik. Hy kon oor enige onderwerp met gesag praat.

Die oudste seun val rond van werk na werk, trou en land weer in ons dorp. Hy huur 'n netjiese huis wat aan een van sy vriende behoort. Hy vertel hoe hy in die proses is om die huis te koop en ook sommer die erf langsaan om vir oom en tannie Ples 'n huisie te bou. Die Plesse is baie opgewonde daaroor.

Toe die eienaar van die huis dood is in 'n motorongeluk, verdwyn die seun en vrou uit die dorp. Die Plesse woon toe steeds in die koshuis. Die reaksie oor die huiseienaar se dood was: "Het jy gehoor So-en-So is dood? En sy R650 000 se kar is afgeskryf." Ek was stomgeslaan. 'n Menselewe en 'n kar. En jy worrie oor die kar? Nou ja, mense het seker maar verskillende prioriteite.

'n Jaar of wat daarna land 'n familielid van my op 'n spoggerige troue. Hulle maak geselsies met die ander gaste wat by dieselfde tafel sit. Die persoon wat hulle vermaak met al sy prestasies oor sy werk en geld en eiendom meld toe dat hy van 'n kleinerige dorpie af kom. Familielid vra toe watter dorp dit is? Hy noem die naam van die dorp (ons dorp!) en familielid vra of hy my ken? Hy word kleur op kleur en vra dat familielid asseblief nie sê dat hulle hom ontmoet het nie, ook nie oor wat hy alles te vertelle gehad het nie.

Oom Ples het moeilik geloop, want die osteoporose het sy gewrigte opgeëet. Die eerste keer toe hy my vertel het van sy siekte, het hy gesê dat hy "osteoporeuse" het as gevolg van te veel fosfor in die boorgatwater. Wat natuurlik nie waar is nie.

Ek het soms vir oom Ples baie jammer gekry omdat hy moeilik geloop het, en omdat sy oudste kind hom so 'n rat voor die oë gedraai het. Tannie Ples het net eenvoudig haar eie pad gevolg.

Daar was gereeld vriende by oom Ples wat saam met hom 'n paar biere gedrink het. Goed, dalk nie 'n paar biere nie, sommer baie. Ek was onder die indruk dat oom Ples baie vriende gehad het.

Oom Ples kon sy gewrigspyn nie meer hanteer nie. Hy het later ophou werk omdat hy nie meer so lank kon staan nie. Een oggend bel hy vir tannie Ples en praat ditjies en datjies. Net voordat hy aflui, sê hy dat hy lief is vir haar.

Toe neem oom Ples sy eie lewe.

Tannie Ples was teen die grond.

Die skool reël oom Ples se begrafnis vanuit die kerk waar ek hom nog nooit gesien het nie. Ek het verwag dat al oom Ples se bierdrink-vriende by die begrafnis sou wees, maar dit was meestal die skoolpersoneel.

Hoe hartseer, het ek gedink, waar is al die mense wat sy drumpel deurgetrap het nou? Kon hulle nie eers hul laaste eer aan oom Ples bewys nie? Ek was op die daad vies vir hulle.

Ons het weggetrek van ons dorpie af, en omtrent 'n jaar daarna hoor ek dat tannie Ples in haar slaap dood is. Ek weet nie wie by haar begrafnis was nie, want ek was nie daar nie.

Ek is nie vreeslik teenwoordig op sosiale media nie. Ek het nie 'n Instagram- of Twitterrekening nie. Ek vergeet gereeld my Facebook se aanteken details. Wanneer ek dan af en toe per ongeluk by Facebook aangeteken kom, sien ek dat tannie Ples my al weer genooi het om met haar vriende te wees op Facebook. Dis seker al… wat? Drie jaar gelede? Dan skrik ek sommer.

En die geld wat ek vir haar geleen het? Ek het gou daarmee vrede gemaak dat ek dit nooit weer sou terugkry nie. Interessant dat oom of tannie Ples nooit eers daarvan melding gemaak het nie.

**POSTNET HEILBRON**
**BESIGHEIDSURE:**
**Maandae - Vrydae:** 08:00 -16:30 | **Saterdae:** 09:00 -12:00
***Elsstraat 42 • HEILBRON • Tel: 058 853 0006***

# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING VAN TER INSAE LÊ

In die boedel van **WYLE ELIZABETH MARIA VAN JAARSVELD, IDENTITEITSNOMMER 260118 0025 085,** 'n weduwee, wie oorlede is op 12 Maart 2021 en woonagtig was te Kamer 8, Huis Bron-van-Heil, Heilbron, 9650.
**MEESTERNOMMER: 3208/2021**
Geliewe kennis te neem dat die Eerste- en Finale Likwidasie- en Distribusierekening van bogemelde Boedel by die Landdroskantoor te Heilbron en die Meester van die Hoë Hof te Bloemfontein ter insae sal lê vir 'n tydperk van 21 (een-en-twintig) dae en gereken vanaf 4 Februarie 2022.
Geteken te Parys op hierdie 25 ste dag van Januarie 2022.
Naam en adres van eksekuteur of gemagtigde agent
**GERDA SMALL PROKUREURS**
**WATERSTRAAT 22**
**PARYS, 9585**
**TEL: 056 817 6026**
**Verw: G Small.V204**

## KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 35(5) VAN DIE BOEDELWET

In die boedel van **WYLE ANTIONETTE VENTER, IDENTITEITSNOMMER 511001 0015 081,** wie oorlede is op **16 Augustus 2020** en woonagtig was te Hertzogstraat 57, Petrus Steyn,
**BOEDELNOMMER 008155/2020.**
Ingevolge Artikel 35(5) van die Boedelwet, Wet 66 van 1965 word hiermee kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogenoemde boedel in die kantore van die Meester te Bloemfontein en Landdroskantoor te Petrus Steyn vir 'n tydperk van 21 (Een-en-Twintig) dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae lê vir alle persone wat daarby belang het.
**CHRISTIE VAN WYK**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 26**
**REITZ, 9810**
**TEL: 058 863 3468/9**
**FAKS: 058 863 3467**

## KENNISGEWING AAN KREDITEURE

In die boedel van **WYLE JOHANNES LODEWIKUS VAN DER WALT, IDENTITEITSNOMMER 420222 5018 082,** wie oorlede is op **29 Oktober 2021,** getroud binne gemeenskap van goedere met **CORNELIA HENDRINA SUSANNA VAN DER WALT, IDENTITEITSNOMMER 450527 0016 086** en woonagtig was te Kerkstraat 66, Reitz,
**BOEDELNOMMER 000684/2022.**
Aan alle persone wat vorderings het teen bogemelde boedel moet dit binne 30 (DERTIG) dae vanaf datum van publikasie hiervan by die ondergetekende adres inlewer.
**CHRISTIE VAN WYK**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 26**
**REITZ, 9810**
**TEL: 058 863 3468/9**
**E-POS: christievanwyk1@telkomsa.net**

## KENNISGEWING AAN KREDITEURE EN DEBITEURE

In die boedel van **WYLE SUSAN MANTOA MANTORO, BOEDELNOMMER 006728/2021, IDENTITEITSNOMMER 600925 0601 080,** wat gewoonlik woonagtig was te TANNERSTRAAT 43, HEILBRON en wat te Heilbron op 22 Februarie 2021 gesterf het.
Enigeen wat 'n eis het teen bogenoemde boedel word hiermee versoek om sodanige eis by ondergetekende in te dien binne 30 dae van die datum van publikasie hiervan.
Gedateer te Heilbron op hierdie 21ste dag van Januarie 2022.
**JH JANSEN**
**JANSEN PROKUREURS**
**PIERCESTRAAT 58**
**POSBUS 890**
**HEILBRON, 9650**
**VERW: MAN1/0002/JHJ/cm**

FORM JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER TE 28178/2006** passed by **NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY** in favour of **SESSIE CYNTHIA MTHETHWA, ID: 550302 0311 088** in respect of certain
**ERF 1419 PHIRITONA, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE**
**IN EXTENT 556 (FIVE FIVE SIX)**
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at **BLOEMFONTEIN** within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Heilbron this 20 January 2022.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

**POSTNET HEILBRON**
**BESIGHEIDSURE**
**Maandae - Vrydae:** 08:00 -16:30
**Saterdae:** 09:00 -12:00
*Elsstraat 42, HEILBRON*
*Tel: 058 853 0006*

Happy Valentine's Day
MONDAY
14 February

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

# DIENSTE

**Andries Muller**
**072 447 7446**
**Vrystraat 23, Heilbron**
**Ou Heilbron Betonwerke se gebou**
Muller Draaiwerke
**MILLING • KEYWAYS**
**ALGEMENE DRAAIWERK**
**MEGANIESE HERSTELWERK**

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R

# TE HUUR

*HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS*
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
***Hannalie Claassen 079 040 0531***

*Winkelure*
**MAANDAE - DONDERDAE**
07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE:** 08:30 - 13:00
**Elsstraat 44 • Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**

# SMALLS

# EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

Heilbron Eiendomme
VOLLEDIGE LYS VAN EIENDOMME OP ONS WEBWERF
**www.heilbroneiendomme.co.za**
*Annelize 082 331 9856 of Wiam 062 916 0050*
**DRINGEND OPSOEK NA HUISE OM TE BEMARK**

**DRINGENDE VERKOOP**
SENTRAAL GELEË
- 4 Slaapkamerhuis - **R525 000**
- 3 Slaapkamerhuis - **R495 000**

**HUISE NABY SKOOL**
- 3 Slaapkamerhuis - **R685 000**
- 4 Slaapkamerhuis - **R850 000**

**HUISE IN VEGKOP**
NUUT IN DIE MARK
- 3 Slaapkamerhuis - **R1.150 Miljoen**
- Ruim 4 slaapkamerhuis met swembad - **R1.250 Miljoen**

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak *Silma Petzer.*
Tel: 058 852 3033

**BLOEDSKENK DATUMS - 2022**
save life Give blood
22 Maart
24 Mei
26 Julie
27 September
29 November

**POSTNET HEILBRON**
**CRIMINAL RECORD CHECKS NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON**
· STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00
· PREMIUM - 5 HOURS – R255.00
· PRIORITY - 2 HOURS – R395.00
Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.
PostNet Digital




# SCHOOL TERMS

School open 12.1.2022 • School close 17.3.2022
School open 5.4.2022 • School close 24.4.2022
School open 19.7.2022 • School close 30.9.2022
School open 11.10.2022 • School close 14.12.2022

# BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae -** 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

Corporate & Commercial
Engagement & Wedding
Kiddies parties
Matric Farewell
Individual & Family
Maternity & Newborn
MARILIZE LOOTS PHOTOGRAPHY
072 180 4113
marilize@mcreative studio.co.za

POSTNET 2 POSTNET
heilbron@postnet.co.za
064 988 6078 058 853 0006
OVER 400 STORES IN SA
0-5kg R99
POSTNET HEILBRON

# EVA SLAAN VIR ADAM MET DRYWER PLAT



Die plaaslike gholfklub beplan om op 12 Februarie die jaarlikse Adam en Eva dag aan te bied. Hierdie jaar se formaat gaan aan die dames meer speelgeleentheid gee. Mans word gevra om kalm te bly, Valentynsdag is om die draai.

Die ligaspan moes die knie buig teen Bethlehem 2, maar die manne is positief en was dit die eerste wedstryd van die seisoen. Willem Loots en Ruan Mienie wen hulle enkelwedstryde. Daar was 'n paar besoekers van Heilbron op Frankfort tydens hulle borgdag. Jackie Leonard en sy maat wen die dag met 65 punte. John Watson en Julyan Bruyns was ook in die pryse.

Die naweek is dit weer HBA maandbeker met vleispryse. Die geldpot is weer oorgedra en staan nou op sowat R30 000. Trekking vind Vrydae plaas om 19:00



Sr LAH Health Services
CLINIC
Exceptional Family Care
NOW OPEN
42 Els str, Shop 1
Heilbron, 9650
Monday-Friday
07:30-17:00
Saturday
07:30-12:00
065 944 0640

Pharmacy & Clinic
PLATTELAND
E van den Berg Gehoorpraktyk
besoek Platteland Apteek
op 18 Februarie 2022
063 721 4950 087 527 0723

Valentine's Day
SPECIALS
For YOUR LOVED ONE
· Couples Cushions @ R99
A4 size prints on 2x pillow cases
Pillow cases must be provided
· Custom Coffee Mug @ R110
Custom print on a coffee mug
Design included
· Newspaper Love Letter @ R99
Ask your Valentine the traditional way
For THE LOVE OF YOUR BUSINESS
· 500x Flyers @ R499
· Vehicle Magnets @ R149
· 200x Branded Pens @ R995
Your logo on Chico ball pens
· Newspaper advertising @ 10% discount
All orders and bookings to be made before 9 February 2022 to avoid disappointment.
Prices are excluding VAT | Specials are valid until 29 February 2022
YOUR LOVING PARTNER IN PRINT Heilbron Herald

AGS Kerk - Heilbron
Pleinstraat 72, Heilbron
U word uitgenooi na die intreepreek van ons nuwe pastoor



Pastoor Derick de Lange
Kom en verwelkom ons nuwe pastoor
6 Feb. 2022 om 10:00
Nuwe pastoor en sanger begin voltyds by AGS Heilbron.
Kom en beleef 'n belewenis met bediening en sang.
Ons wil hom verwelkom in Heilbron en ook by ons gemeente. Pastoor Derick gaan ook betrokke raak in die gemeenskap. Besoek ons gerus en nooi mense uit om die diens saam ons te geniet.
Verversings sal na die diens bedien word. Almal is welkom!!! Gratis!
Navrae: Petro van Wyk 072 322 3178
Maria van Schalkwyk 083 557 2849

RADLEY BUSINESS SOLUTIONS
LANDBOUKUNDIGE ADVIES
- Finansiële ontleding van Boerderyondernemings
- Langtermynbeplanning van Boerderyondernemings
- Uitbreiding van Boerderyondernemings bv.:
Grondaankope, huur van grond, meganisasievervanging
- Lewensvatbaarheidstudies
- Struktuur van Boerderyondernemings
- Opvolgbeplanning in Boerderyondernemings
andriesr@radleysolutions.co.za
Dr. Andries Radley (PhD Landbou-Ekonomie)
079 493 1144

Winkelure
MAANDAE - DONDERDAE: 07:30 -17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033

BKB Louwid
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 7 FEBRUARIE 2022
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Bennie van der Merwe 082 414 4228
DINSDAG - 8 FEBRUARIE 2022
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668
WARDEN: BESTORWE BOEDEL HA POTGIETER
624 Skape & 601 Brangus boerbeeste
11:00, Waterval, Warden
Kontak Jacques van der Merwe 082 325 0036
WOENSDAG - 9 FEBRUARIE 2022
REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835
DONDERDAG - 10 FEBRUARIE 2022
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
EMADLANGENI Kwartaallikse veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668
MEMEL: MARITZ BOVELDERS & BOSHOEK BOVELDERS
520 Bovelder beeste & 500 SAVM ooie
11:00, Eksteen, Memel
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138
VRYDAG - 11 FEBRUARIE 2022
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049
SATERDAG - 12 FEBRUARIE 2022
KOPPIES: MAKSI MERINO LANDSKAAP GROEP
180 Skape
11:00, Verdeeld, Koppies
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
BKB Louwid
www.bkb.co.za
BKB Louwid 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za